

9 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:2 (1953-vertaling)

Die groeikrag van God se Woord!

As jy al op 'n plaas die hanslammers melk uit 'n bottel moes voer, dan kry hierdie beeld van Petrus sigbare betekenis. Hoe so 'n hanslam opgewonde begin trippel en blêr as jy met die bottel verskyn, en behoorlik met 'n ywerige dors die bottel aanval asof dit sy laaste drink is. Dit pomp en sluk gulsig totdat die skuim wit om sy bek sit.

Petrus gebruik die beeld van pasgebore kinders wat na moedersmelk smag. Die grootste behoefte wat so 'n pasgebore kind het, is dat sy honger gestil word, dat hy jou selfs tweedrie keer 'n nag daarvoor sal wakker maak, dikwels met 'n erge geskreeu, dikwels met soveel gulsigheid dat jy hoe lank daarna nog winde moet uitvryf.

So moet ons smag na die suiwer geestelike melk, skryf Petrus in vers 2, dit is die Woord van die Here, teenoor die gemorskos van die wêreld (vs 1), wat hy elke vorm van kwaad, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterij noem. Petrus roep ons op tot 'n daaglikse, indringende omgaan en besig wees met die Woord van die Here. Jy moet sy genade dat Hy jou sy kind gemaak het, indrink. Jy moet sy liefde dat Hy jou in Christus volkome verlos het, indrink. Jy moet sy sorg oor jou deur die kragtige werking van sy Heilige Gees indrink. Die suiwer geestelike melk van sy Woord moet jou ontbyt wees as jy opstaan, jou aandete as jy gaan slaap, jou middagete as jy op pad is. Jy moet voluit leef uit die Woord van die Here.

Die effek ken ons: gesonde, sterk groei. Nes 'n pasgebore kind op moedersmelk in verbondenheid met sy ma groei, so moet ons deur die Woord van die Here in verbondenheid met die Here ons God groei. En net soos 'n pasgebore kind op moedersmelk in lewenskrag en gesonde ontwikkeling groei, so moet ons deur die Woord groei om waarlik beeld van Christus te wees.

Sing: Psalm 119:7 (1936)

Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)